**2 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 14:21-28**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 14:23**

**Wanneer alle deure toegaan, maak God sy deure oop!**

Dit lyk asof die evangelie se pad tot in Listra, Ikonium en Antiochië in ‘n doodloopstraat beland het. Paulus is gestenig en as doodverklaarde uit die stad uitgesleep. Die jong gemeentes is tot in hulle fondamente geskud. Ook jou lewe en geloof kan in ‘n dooploopstraat beland. Waarheen dan?

Gaan dan terug na waar alles begin het: God se Woord. Die Here verskuif die fokus van die jong gelowiges weg van hulle nood en hulle vrae. Hy bring by hulle nuwe perspektiewe tuis: Moenie jou blindstaar teen wat jy beleef en sien nie. Solank jy daarop konsentreer, kan jy maklik ontrou raak en alles laat staan. Gaan terug na God en sy beloftes, maar ook na sy opdragte! Hy is getrou. Sy werk gaan voort. Hy gaan voort met sy plan. Die roete waarlangs sy plan loop, dien om jou te verdiep, te genees en te steriliseer van jou eie mensgemaakte ideale. Dit leer jou om jou weer op God se plan vir die groei van sy koninkryk – ook in jou lewe – toe te spits. Hierdie plan loop deur ‘n pad wat vol stryd en hindernisse is!

Daarom, moenie jou bedrywighede afskaal nie, maar begin organiseer. Hy roep jou om eienaarskap te aanvaar van sy kerk en koninkryk: om jou plek vol te staan waar Hy jou roep. Beweeg uit en bring hoop aan mense vanuit die gemeente waar jy nou is en bou so aan God se kerk en sy koninkryk! God is getrou en sal in sy genade ook vir jou deure oopmaak om die oorwinningsboodskap altyd verder uit te dra!

*Sing: Psalm 128:1, 4 (1936-beryming)* *Ds Steve van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*